



NG Gemeente Rondebosch

Derryweg 2, Rondebosch

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.

We are an inclusive family which reaches out to our community with joy and with open doors.

Die Bulletin

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za [facebook.com/ngrondebosch](https://www.facebook.com/ngrondebosch)
ABSA Claremont, Rek: 2870141125, Branch: 632005 Swift Code: ABSAZAJJ

PROGRAM VIR DIE WEEK 21 Februarie 2021 - Eerste Lydensweek

Baie welkom by ons Erediens. 'n Spesiale welkom aan nuwe lidmate, besoekers en studente wat in hierdie tyd aanlyn by ons inskakel.

NEEM KENNIS:

Ons dienste word om 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai. Geen dienste/byeenkomste sal tot verdere kennis in die Kerkgebou gehou word nie.

Ons stroom die diens op Facebook soos gewoonlik. Indien jy verkies sou jy ook op die skakel kon klik en die diens hier volg:

<https://us02web.zoom.us/j/88301529357?pwd=NFBuYjBEYldLM0x0NmM1dW5YM3VVQT09>

Meeting ID: [883 0152 9357](https://us02web.zoom.us/j/88301529357?pwd=NFBuYjBEYldLM0x0NmM1dW5YM3VVQT09)

Passcode: 596719

10:00 Stroom Dr Johan van de Heever
Teks: Genesis 9:8-17
Tema: Die dag as God moet vergeet!

Liewe Gemeente

Woensdag wat verby is, was die viering van Aswoensdag, die aanvang van Lydenstyd. Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil-Saterdag, die dag voor Opstanding-Sondag. Die 40-dae tydperk voor Opstanding-Sondag (Paasfees) is reeds in die jaar 313 n.C. as 'n amptelike viering op die Christelike kalender aangedui. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, is dit 'n tydperk van 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het. Sondae was nog altyd vieringsdae vir die kerk en daarom nie deel van die vastyd van Lydenstyd nie. Lydenstyd help ons om die ware betekenis van Jesus se opstanding te begryp omdat ons onself herinner aan Sy lyding wat dit vooraf gegaan het. Lydenstyd is 'n tyd van geestelike vernuwing en nuwe toewyding. Dit is 'n tyd vir selfrefleksie. Dit is 'n tyd van agterlaat. Dit is 'n tyd van prysgee, nie die maklike prysgee van sjokolade en kafeïene nie. Dit gaan oor prysgee van veel meer. Jou ego. Jou gehegtheid aan dit wat jou steeds 'n gevangene hou. Dit is om te word wie jy reeds is. Jy is die beeldraer van Christus en jy moet Sy beeld, Sy kenmerke al hoe meer vertoon. Paulus spel dit prakties uit in Kol 3:12-18. Kan dit ons doelwit wees vir die volgende ses weke?

Om meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam te wees. Om geduldig met mekaar te wees en mekaar te vergewe – soos ons vergewe is. Om mekaar lief te hê. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. Om altyd dankbaar te wees. En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Ons sal gereeld in hierdie tyd hulpmiddels op ons Facebookblad plaas, om jou te help met jou nuwe toewyding. Ons sal ook van tyd tot tyd skakels aan jou stuur wat jy self kan gaan lees.

<https://www.facebook.com/ngrondebosch>

Waarvan gaan jy in die tyd vas?

Groete en seën
Dr Johan van den Heever

Deuroffer: Gwen Gaffley

Gwen is 'n geliefde lidmaat van ons gemeente. Hierdie week se deuroffer is ter ondersteuning van haar sendingwerk. Enige oorbetalings ten opsigte van hierdie deuroffer, moet met direkte verwysing, **Gwen Gaffley**, in die kerk se bankrekening gedeponeer word.

Missie: Om personelede van hospitale, klinieke, polisie en gevangenis te motiveer en toe te rus, om Jesus Christus in hul professie uit te leef.



Kontaknommers: NG Rondebosch

Telkom is in die proses om alle koperlyn-landlyne uit te fassier. Ons het besluit om ons internet-diensverskaffers te kontak en albei die nommers, van die Kerkkantoor en die Pastorie, na "VOIP" nommers te laat oorplaas. Die koste vir hierdie diens is aansienlik minder en sodoende behou ons die nommers wat ons by Telkom gehad het.

Ons wil graag die "VOIP" opsie oor 'n jaar tydperk toets om te kyk of dit wel voordelig is vir die gemeente. Indien nie, sal ons slegs van 'n selfoon gebruik wil maak.


Ons het in die tussentyd 'n nuwe selfoonnommer, wat jy op jou foon kan stoor as jy met die kerkkantoorpersoneel in verbinding wil tree. Hierdie nommer sal, net soos die landlynnommer, slegs tussen 08:00 en 13:00 (Maandag - Vrydag) beantwoord word. Jy kan ons ook 'n WhatsApp-boodskap na hierdie nommer stuur.

Ons nuwe selfoonnommer: 065 929 4532 - al ons ander kontaknommers bly steeds dieselfde en in werking. Dit sal goed wees om hierdie selfoonnommer op jou selfoon te stoor.

Deuroffers: Ons het elke maand 'n minimum van een instansie/sendeling wat ons deur middel van 'n deuroffer wil ondersteun. Hou ons Bulletin dop vir die persone/instansies op spesifieke Sondae. Indien jy enige van hierdie persone/instansies wil ondersteun, kan die donasie deur middel van internetbankdienste of SnapScan aan ons oorbetal word, met die persoon/instansie se naam as verwysing.

Donasies: Ons ontvang heelwat inbetalings wat met die verwysing "Donasie" inbetaal word. Ons wil vra dat jy asb jou oorbetalings spesifiek sal merk vir die doel waarvoor jy die geld oorbetal. Indien die oorbetalings slegs 'n eenmalige donasie is, kan die verwysing "donasie" bly. Merk asb Dank-, Erediens- sowel as deuroffers spesifiek.

21 Februarie 2021 Eerste week in Lydenstyd	2 Kor 4:3-6	Sy skerp woorde aan gemeentede wat hulle as weldoeners voorgehou het.
	Ps 50:1-6	Die Here is God, Hy alleen is God.
	2 Kon 2:1-12	"Bly hier, want die Here stuur my na Bet-El toe"
	Mar 9:2-9	En Sy klere het blink geword.



Ons Huis Rosedon-lidmate benodig wol. Indien daar enige iemand is wat vir ons wol kan skenk, kontak die kerkkantoor, ons is bereid om dit te kom haal.

Nuwe Vertaling Bybels

Indien jy 'n Bybel bestel het en dit nog nie ontvang het nie, laat weet asb die kerkkantoor.

Daar is nog van die nuwe Bybels beskikbaar by die kerkkantoor @ R129.00 per bybel.

²Uit Sion, stad van volmaakte prag, verskyn God in glans. ³Ons God kom, Hy bly nie stil nie. Voor Hom uit brand 'n vuur, rondom Hom woed 'n storm. ⁴Hy roep die hemel en die aarde op vir die saak teen sy volk. PSALM 50:2-4 AFR83

GEBEDSVERSOEKE


Tuis: Anna van Wyk, Fifeweg, Rondebosch
Rousmart: Ons innige simpatie met die familie van Doreen Kalamdien met haar afsterwe.

Het jy geweet?

Die Sondagboodskap sou jy, behalwe vir die lewendige uitsending, ook hier kon luister <https://www.ngrondebosch.com/preke.html>
Ons plaas ook die klanklêer op Facebook <https://www.facebook.com/ngrondebosch>
(So gou as moontlik direk ná die lewendige uitsending) Al die preke en die 3 minute dagstukkies, wat Maandag tot Vrydag op WhatsApp uitgaan, word ook hier geplaas.

Finansiële Totaal vir Februarie 2021

Dankoffers: R 37 214
(Mikpunt: R54 000)
Erediensoffers: R 5 350
(Mikpunt: R12 000)



Baie dankie vir elkeen se bydrae.

Program vir die week

Dinsdag: 23 Feb
18:00 Steundienste

Donderdag: 25 Februarie
19:00 Kerkraadsvergadering

Verjaardae vir die week

Grant Duddy	21 Feb
Lukie Theron	21 Feb
Gerrit van der Merwe	22 Feb
Monika Visser	26 Feb
Ina du Toit	27 Feb
Magda van Zyl	27 Feb

Baie geluk met jou verjaardag!